Nico van Gijsen se raad vir jou kinders: ‘Wil jy ryk lýk, of wil jy ryk wéés?’

netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-se-raad-vir-jou-kinders-wil-jy-ryk-lyk-of-wil-jy-ryk-wees-20260424-0835

Nico van Gijsen April 24, 2026

Eers gaan die hart oop. Dan gaan die deur oop. En dan gaan die beursie oop. Dis daardie oop beursie waar ouers se probleme begin. Dit is daardie oop beursie wat die waarheid gaan skep wat jy die een of ander tyd in die oë moet kyk,

Kinders kan jou aftreevoorsiening sleg in die wiele ry.

’n Geselsie met ’n kliënt dié week het my weer laat besef hoe moeilik dit kan wees vir ’n ouer om te spaar, vir aftrede of sommer in die algemeen as daar kinders in die huis is. Vir enkelouers is dit soveel moeiliker.

My kliënt is ongetroud. Hy het nie kinders nie. Hy reis elke paar maande die wêreld vol. Hy noem toe, uit meegevoel met vriende, hoe gemaklik sy lewe is, finansieel gesproke, teenoor dié met kinders.

Nou, voordat iemand verkeerde gedagtes kry, geld is nie alles nie. Ons het twee kinders. Ons sou hulle vir geen geld in die wêreld verruil nie. Die vreugde wat hulle gebring het en steeds bring, is onmeetbaar.

Maar het hulle geld gekos? Geld wat ons sou kon gebruik om meer dinge te doen, om meer te spaar? Ja, beslis.

Dis ’n voltydse balanseertoertjie.

Enersyds moet jy die beste vir jou kinders doen wat jy kan. Andersyds moet jy voorsorg tref vir jou eie finansiële onafhanklikheid eendag. Jy gaan oud word. Jy gaan jou salaris verloor. Wat dan?

My groot cowboy-held, Clint Eastwood, het in die fliek *Unforgiven* die volgende te sê gehad: “Wanneer ’n mens ’n sekere ouderdom bereik, is daar niks anders te doen nie as om die waarheid in die oë te kyk.”

Hoe gaan jou waarheid lyk?

Hier is ’n paar kinderfoute met geld wat ek sien. Hopelik kan dit dien as lesse, of dan waarhede om aan te werk, vir ouers se finansiële oorlewing.

Spaar eers

Sonder dat jy spaar, gaan jy niks hê nie. Spaar dus eers. Maak dan ’n plan om uit te kom met wat jy het.

Jy kon my met ’n veertjie omslaan toe ek nou die dag hoor van ’n huishulp wie se kind nie toebroodjies wil skool toe neem nie, want dan lag die ander kinders vir haar. Almal koop eetgoed by die skool.

En elke nou en dan moet daar nuwe klere gekoop word vir die een of ander geselligheid. Nee, dit is nie ’n rykmanskool nie. Inteendeel.

My kinders – en nou my kleinkinders – was en is in een van Kaapstad se vooraanstaande skole, met ’n hele paar baie ryk ouers. Almal neem toebroodjies van die huis af skool toe. Ons as ouers het oor die jare, om ons sente te kon omdraai, skoolbaadjies by die klerebank uitgeruil, soos die kinders groter word.

My les aan my seuns was nog altyd: Jy kan ryk lyk, of jy kan ryk wees, nie albei nie.

Dit is nie ’n skande om minder geld te hê nie. Ek het deur die jare kontak gehad met baie mense met min geld, maar hul huis is betaal en hul kinders was altyd skoon en netjies. Die kinders is die wêreld ingestuur met dissipline, ingesluit gelddissipline, en ’n goeie geleerdheid. Op bitter min geld.

My boodskap? Spaar eers vir jou eie waarheid. Jy weet dit gaan kom. Doen dan die beste wat jy kan met wat jy het.

Trots in jouself en trots in jou kinders het nie ’n geldgesig nodig nie. Dit is wat jy doen wat belangrik is.

Bestuur jou emosie

Ons seuns is deur twee meisiekinders hier weggerokkel en elk het sy eie nes gaan skop. Nou sê ek en Vroulief: Julle wou hulle hê, hou hulle.

Tergend gesê, want in ons hart het ons eintlik twee dogters gekry wat ons nie gehad nie.

Die punt hier is dat daar ’n stadium kom wat jou kinders op hul eie voete moet staan – al gaan dit soms moeilik. Lesers in ons ouderdomsgroep (genoem seniors) weet van moeilik, daarvan is ek seker. Min van ons het deur die kindergrootmaakjare ’n oorvloed geld gehad.

Ek het al baie in hierdie rubriek geskryf oor ouers wat nie genoeg voorsiening gemaak het nie, wat by hul kinders moet intrek. Maar wat ek nogal baie sien deesdae, is hoeveel kinders terugtrek huis toe.

En as ek na die stories luister, is ek nie so seker dat hierdie kinders werklik volwasse en onafhanklik genoeg was om mee te begin nie. Dit is hoekom hulle maar net weer na Mamma se voorskoot gryp die oomblik toe die werklikheid hulle tref.

Soos ek en my vrou nou die dag gesels het oor iemand wie se dogter wat ná ’n egskeiding met kind en al teruggetrek het na haar ouerhuis toe.

Die probleem hier is, ’n ouer is ’n ouer, is ’n ouer. Die sagte plekkie sal daar altyd wees.

Eers gaan die hart oop. Dan gaan die deur oop. En dan gaan die beursie oop.

Dis daardie oop beursie waar ouers se probleme begin. Dit is daardie oop beursie wat die waarheid gaan skep wat jy die een of ander tyd in die oë moet kyk.

Ek weet van pa’s wat hul aftreegeld in ’n kind se nuwe saak gesteek het. Sonder enige vooraf kennis oor die saak. Sonder enige voorwaardes. En toe ook sonder sy geld.

En die ma, wat haar aftreegeld onttrek het om vir haar dogter se duur troue – heeltemal buite verhouding tot hul finansiële vermoëns – te betaal.

Dit is armoede wat self geskep is. Dis is nie armoede weens omstandighede nie.

Leef jou geldlewe met dissipline. Help jou kinders deur ’n bietjie druk op hulle te plaas om hulself te help.

> *Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com*